

Hersiene Voorlopige Resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008

OMNIA HOLDINGS BEPERK (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
Registrasienuommer: 1967/003680/06 • JSE-kode: OMN • ISIN: ZAE000005153 “Omnia” of “die Groep”

Rm	Hersien 2008	%	Geouditeer 2007
Inkomste	7 340	33	5 537
Koste van verkope	(5 841)	33	(4 398)
Bruto wins	1 499	32	1 139
Bedryfsuitgawes	(915)	28	(717)
Bedryfswins	584	38	422
Netto finansieringskoste	(112)	93	(58)
Rente betaal	(143)	79	(80)
Rente ontvang	25	39	18
Valutawins	6	50	4
Wins voor belasting	472	30	364
Belasting	(159)	35	(118)
Netto wins vir die jaar	313	27	246
Toeskryfbaar aan: <p>– Ekwiteitshouers van die Maatskappy</p> <p>– Minderheidsbelang</p>	317 <p>(4)</p>		246
	313		246

Basiese verdienste per aandeel (sent)	718,2	28	560,3
Ten volle verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	687,9	24	553,2
Finale dividend betaal per aandeel (sent) ten opsigte van vorige jare	90,0	6	85,0
Tussentydse dividend per aandeel (sent) betaal ten opsigte van huidige jaar	83,0	19	70,0
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (*000)	44 132		43 722
Geweegde gemiddelde aantal ten volle verwaterde uitgereikte aandele (*000)	46 073		44 338
Aantal uitgereikte aandele (*000)	44 263		43 943

Verkorte Gekonsolideerde Balansstaat soos op 31 Maart 2008

Rm	Hersien 2008	%	Geouditeer 2007
Bates			
Eiendom, aanleg en toerusting	965	27	760
Ontasbare bates	517	19	436
Beleggings	30	–	–
Uitgestelde belasting	8	167	3
Bedryfsbates	2 919	52	1 924
	4 439	42	3 123

Ekwiteit en laste			
Aandeelhouersekwiteit	1 581	26	1 250
Uitgestelde belasting	104	25	83
Nie-bedryfslaste	288	773	33
Bedryfslaste	2 466	40	1 757
	4 439	42	3 123
Netto rentedraende skuld	451	70	265
Netto batewaarde per aandeel (Rand)	35.71	26	28.45
Kapitaalbesteding			
Depresiasie	71		59
Amortisasie	21		20
Aangegaan	284		188
Gemagtig en verbind	–		33
Gemagtig maar nie gekontrakteer nie	102		174

Verkorte Gekonsolideerde Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2008

Rm	Hersien 2008	%	Geouditeer 2007
Bedryfswins	584		422
Depresiasie en amortisasie	92		79
Aanpassing vir nie-kontantitems	13	(6)	
Benut deur bedryfskapitaal	(138)	(60)	
	551		435
Rente betaal	(143)	(80)	
Rente ontvang	25	18	
Belasting betaal	(134)	(100)	
Dividende betaal	(76)	(68)	
Gegenerer deur bedrywighede	223		205
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	(413)	(175)	
Kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite	323	8	
Netto toename in kontant	133	38	
Netto oortrekking aan begin van jaar	(234)	(275)	
Uitwerking van wisselkoersbewegings	(2)	3	
Netto oortrekking aan einde van jaar	(103)		(234)

Staat van Verandering in Aandeelhouersekwiteit

Rm	Gewone Aandeelhouersbelang				Totaal	
	Verklaarde kapitaal	Tesourie-aandele	Ander reserwes	Opgehoopte winste		
Op 31 Maart 2006	201	(20)	(12)	849	2	1 020
Netto wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2007				246		246
Toename in valuta-omrekeningsreserwe			42			42
Aandeelgebaseerde vergoeding			6			6
Tesourie-aandele verkoop	4					4
Gewone dividende betaal			(68)			(68)
Op 31 Maart 2007	201	(16)	36	1 027	2	1 250
Netto wins vir die jaar geëindig 31 Maart 2008				317	(4)	313
Toename in valuta-omrekeningsreserwe			65			65
Aandeelgebaseerde vergoeding			26			26
Tesourie-aandele verkoop	3					3
Gewone dividende betaal			(76)			(76)
Op 31 Maart 2008	201	(13)	127	1 268	(2)	1 581

Direkteure
NJ Crosse (*Voorsitter*),
FD Butler,
DL Eggers* (*Groep- Finansiële Direkteur*),
NKH Fitz-Gibbon*,
R Havenstein,
H Hickey,
RB Humphris* (*Groep- Besturende Direkteur*),
Prof SS Louber,
Dr WT Marais,
RR Masebelanga*,
JG Pretorius,
DC Radley,
TR Scott
**Uitvoerende Direkteure*

HOOGTEPUNTE

- Inkomste styg met 33% tot R7,3 miljard
- Netto wins vir die jaar styg met 27% tot R313 miljoen
- Basiese verdienste per aandeel styg met 28% tot 718,2 sent
- Wesensverdienste per aandeel styg met 30% tot 724,5 sent
- Finale dividend verklaar aan aandeelhouers van 117 sent (200 sent vir die jaar, wat ’n toename van 25% behels)

Rm	2008	2007
Reserwes bestaan uit:		
Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale	3	3
Valuta-omrekeningsreserwe	79	14
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	45	19
	127	36

Segmentontleding

Rm	Hersien 2008	%	Geouditeer 2007
Inkomste, netto van tussensegment verkope	7 340	33	5 537
Chemikalieë	3 334	27	2 624
Mynbou	1 281	28	1 001
Landbou	2 725	43	1 912
Bedryfswins	584	38	422
Chemikalieë	148	17	127
Mynbou	125	(9)	138
Landbou	311	98	157

Rekonsiliasie van Wesensverdienste

Rm	Hersien 2008	%	Geouditeer 2007
Netto wins vir die jaar	317		246
Verlies/(wins) met vervreemding van bates	2		(1)
Wesensverdienste	319	30	245

Wesensverdienste
Wesensverdienste is 724,5 sent per aandeel (2007: 558,2 sent per aandeel)
Ten volle verwaterde wesensverdienste is 694,0 sent per aandeel (2007: 551,1 sent per aandeel)

Aantekeninge Rekeningkundige beleid

Die Groep se resultate word gerapporteer ooreenkomstig internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (“IFRS”).

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 is voorberei ooreenkomstig IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening en ingevolgt die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting soos vereis deur IFRS vir volledige finansiële jaarstate in nie. Die hoofbeleid wat gebruik is ter voorbereiding van die resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 is konsekwent met dit wat toegepas is vir die jaar geëindig 31 Maart 2007, behalwe vir die toepassing van IFRS 7 – Finansiële Instrumente: Openbaar­making, wat nie die resultate beïnvloed nie, maar wel verdere openbaar­making vereis.

Dividende

’n Dividend van 90 sent per aandeel is op 20 Junie 2007 verklaar ten opsigte van die verdienste van die vorige finansiële jaar. Hierdie dividend word in die huidige jaar tot 31 Maart 2008 weerspieël. Hierbenewens, is ’n tussentydse dividend van 83 sent per aandeel op 28 November 2007 ten opsigte van die huidige jaar verklaar. ’n Finale dividend van 117 sent per aandeel is op 13 Junie 2008 verklaar, wat die dividend vir die jaar op 200 sent per aandeel te staan bring, ’n verhoging van 25%.

Hersieningsmening

Die Groep se ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., het die gekonsolideerde finansiële inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 soos vervat in hierdie verslag, hersien. Hulle hersieningsmening is gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae.

Verbintnisse

Die toekomstige minimum huurbetaling ingevolgt nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte is R22,6 miljoen (2007: R21,1 miljoen) binne een jaar, R21,2 miljoen (2007: R46,9 miljoen) tussen twee en vyf jaar en R0,9 miljoen (2007: R0,2 miljoen) later as vyf jaar, wat ’n totaal van R44,7 miljoen (2007: R68,2 miljoen) beloop.

Klandisiewaarde

’n Jaarlikse waardedalingstoets is op die saldo van klandisiewaarde op 30 September 2007 uitgevoer. Geen waardedalingisverlies het voorgekom nie.

Verkryging

In Januarie 2008 het die Groep die netto bates van Zetachem verkry vir ’n aankoopsprys van R212,8 miljoen. R120,1 miljoen van die aankoopsprys is toegedeel aan tasbare bates, R50,4 miljoen aan ontasbare bastes en R42,3 miljoen aan klandisiewaarde. Die belang is gekonsolideer in die huidige jaar se finansiële state vanaf 1 Januarie 2008.

In Oktober 2007 het die Groep 10% in die ekwiteit van ETC Bio Energy Beperk in Zambia belê vir ’n aankoopsprys van R30 miljoen.

Nie-bedryfslaste

Gedurende die jaar onder oorsig het die Groep langtermyn lenings aangegaan van R340 miljoen by finansiële instellings, om voorsiening te maak vir die bekendstelling van ’n SEB-maatskappy wat deur werknemers besit word en vir die verkryging van Zetachem.

Kommentaar Inleiding

Omnia is ’n gediversifiseerde en spesialis chemiese dienstemaatskappy wat eiesoortige oplossings aan die chemikalie-, mynbou- en landboumarkte verskaf. Die resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2008 beklemtoon die sinergistiese voordele wat spruit uit die gebalanseerde besighede wat geskep is deur die Groep se diversifikasie en gelei het tot beter sinergie.

Die oorsigperiode is gekenmerk deur buitengewone markomstandighede met wesenlike toenames in die Groep se belangrikste insetkoste, tekorte aan essensiële roumateriale en drastiese veranderinge in landbou namate die vraag na bio-brandstowwe toeneem en veranderinge in globale voedselverbruikspatrone wat verskuif na hoër proteïen verbruik. Internasionale voedsel en energie verhandel teen rekord pryse, wat ’n gunstige makro-ekonomiese omgewing vir Omnia skep met ’n groot aanvaag wat steeds ondervind word in al drie van die Groep se belangrikste markte.

Omnia is goed geplaas om die veranderinge in die makro-ekonomiese omgewing te hanteer, soos bewys is deur die effektiewe verduubeling van die verdienste van die landbou-afdeling as gevolg van die voordeel wat die Groep getrek het uit hoër verkoopspryse. Dit was na verwagting, gegewe die kombinasie van goeie reëns en ’n toename in die mielieprys, wat gelei het tot ’n gunstige plantseisoen asook hoër internasionale kunsmispryse. Die verwagting is dat die vraag na kunsmis in die toekoms ondersteun sal word deur voortdurende hoë mielie- en koringpryse.


Die jaar is weereens gekenmerk deur beduidende toenames in die Groep se insetkoste, nie net dië van stikstofprodukte nie, maar veral kalium- en fosfaat- roumateriale wat steeds vinniger styg as gedurende die vorige jaar en rekord hoogtes in die jaar onder oorsig bereik het. Dit het ’n wesenlike invloed gehad op die bedryfskapitaal wat benodig word om die verhoogde waarde in voorraad te befonds. Die skerp styging in stikstof-gebaseerde produkpryse plaas toenemende druk op die marges van die mynbou-afdeling.

Finansiële oorsig
Inkomste vir die jaar het met 33% toegeneem tot R7,3 miljard (2007: R5,5 miljard) terwyl netto wins met 27% toegeneem het tot R313 miljoen (2007: R246 miljoen). Basiese verdienste per aandeel styg tot 718,2 sent per aandeel (2007: 560,3 sent per aandeel), wat ’n 28% verhoging weerspieël, in lyn met verwagtinge terwyl wesensverdienste per aandeel met 30% toegeneem het tot 724,5 sent (2007: 558,2 sent).

Bedryfsuitgawes netto van ander inkomste het gestyg met 28% tot R915 miljoen (2007: R717 miljoen). Ingesluit in hierdie verhoging is die aandeelgebaseerde vergoedingsuitgawe wat vervoudig toegeneem het tot R26 miljoen waarvan R13 miljoen verband hou met die SEB- transaksie wat in April 2007 aangekondig is. Die 28% toename is steeds minder as die mate van verhoogde aktiwiteitsvlakke aangesien daar steeds gefokus word om kostes in toom te hou.

Die winnige tempo waarteen die pryse van stikstof-gebaseerde rou materiale styg plaas steeds druk op marges in die Mynbou-afdeling. Die Chemikalieë-afdeling het egter ’n betekenisvolle jaar gehad, waartydens dit voordeel getrek het uit die toename in plaaslike vervaardigingsuitsette en die verswakking in die gemiddelde rand-wisselkoers. Saam met bogenoemde het beter marges in die Landbou-afdeling bygedra tot ’n verhoging in die Groep se bedryfsmarges tot 8,0% (2007: 7,6%) vir die jaar onder oorsig. Beryfswins het met 38% gestyg tot R584 miljoen (2007: R422 miljoen).

As gevolg van die voortdurende toename in roumateriaalpryse was die bedryfskapitaal-vlakke weer hoër as gedurende die vorige finansiële jaar. Dit het daatoe gelei dat netto rente betaal met 90% tot R118 miljoen (2007: R62 miljoen) gestyg het. ’n Buitelandse valutawins van R6 miljoen (2007: R4 miljoen), meestal as gevolg van



saldo’s in buitelandse bankrekeninge, is aangeteken as gevolg van die daling in die waarde van die rand teenoor meeste van die belangrikste geldeenhede.

Gedurende die jaar onder oorsig het die Groep kontant ten bedrae van R223 miljoen (2007: R205 miljoen) uit bedryfsaktiwiteite gegeneer, voor kapitaalbesteding aan verskeie projekte, waaronder:

- Die voltooiing en in bedyfstelling van ’n EcoGypsum™ aanleg vir die prosesering en suiwing van gips as ’n afvalproduk, vir uiteindelige gebruik in die sementindustrie;
- Die voltooiing en in bedyfstelling van ’n reaktor by die Landbou-afdeling se Sasolburg aanleg om die vrystelling van kweekhuisgasse te verminder;
- Die bou en in bedyfstelling van ’n nitraat-fosfaat-produksie-aanleg; en
- Die bou van ’n skokbuismonteer-aanleg om die Mynbou-afdeling in staat te stel om voordeel te trek uit ’n hernude fokus op veiligheid en die gevolglike marktendens weg van die verouderde doppielontproduk.

Bo en behalwe die kapitaaluitgawes aangegaan op projekte, het die Groep ook R167 miljoen belê in die verkryging van Zetachem, ’n maatskapy betrokke in die vervaardiging en verspreiding van ’n reeks spesialisiteits-water-behandelingschemikalieë, met die oog op die sinergistiese groei van die Groep se gevestigde watersuiwerings-besigheid asook in ’n Jatropha bio-brandstofprojek in Zambië. Kapitale besteding het tot R284 miljoen toegeneem (2007: R188 miljoen) wat die Groep se voortdurende investering in verskeie uitbreidingsprojekte reflekteer. Addisionele termynlenings ten bedae van R340 miljoen is gedurende die jaar verkry, hoofsaaklik as gevolg van die bekendstelling van ’n SEB vennoot, Sakhile Initiative Beperk.

Die Groep gaan voort om in tegnologieis gedrewe verbeteringe in al sy afdelings te belê, wat verbeterde kliënte-diens en produktiwiteit teweeg bring. Hierdie verbeteringe sluit ook in die optimisering van logistieke, verskaffing van benodigdhede en die beskerming van die omgewing.

Hierdie belowende beleggings asook die voortdurende styging in roumateriaalpryse het gelei tot ’n verhoging in netto rente-draende skuld op jaareinde tot R451 miljoen (2007: R265 miljoen) met ’n gepaardgaande styging in die skuld:ekwiteit verhouding tot 29% (2007: 21%).

BEDRYFSOORSIG

Chemikalieë

Die Omnia afdeling, Protea Chemicals, is die toonaangewende verspreider van spesialis-, funksionele- en effekchemikalieë in Afrika met ’n gevestigde teenwoordigheid in elke sektor van die chemikalieë-verspreidingsmark. As ’n verskaffer vir die vervaardigingsnywerheid, is Protea Chemicals bevoordeel deur die groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Volumes het in bykans al die besighedeeseenhede toegeneem terwyl die verswakking van die rand bygedra het tot ’n toename in pryse. Prysstygings het ook gevolg op globale tekorte in produkte.

Inkomste het met 27% gestyg tot R3,3 miljard (2007: R2,6 miljard) terwyl bedryfswins met 17% gestyg het tot R148 miljoen (2007: R127 miljoen), ’n Verandering aan die produk­mengsel, met merkbare hoër polimeer-volumes, het ’n afname in die bedryfsmarge tot 4,5% (2007: 4,8%) tot gevolg gehad. Kor voor die einde van die jaar is die drinkbare waterbehandelingsbesigheid, Zetachem verkry. Die verkryging sal die marges in die Chemikalieë-afdeling verbeter.

Hierdie afdeling het 25% tot die Groep se bedryfswins bygedra (2007: 30%). Die afname in bydrae is die gevolg van die beduidende styging in die Landbou-afdeling se bydrae in die finansiële jaar.

Na afloop van die jaar-einde het Protea Chemicals ’n dagvaarding ontvang wat namens verskeie belanghebbendes van die Oos-Kaapse Pynappel Industrie uitgereik is. Hierdie eis hou verband met ’n besending sinksulfaat wat ingevoer is vanaf China. Hierdie dagvaarding is verwys na Protea Chemicals se verskekeraar, wat met die hulp van hulle prokureurs, met die saak handel. Protea Chemicals is verbind tot ’n verantwoordelike en kommersiële volhoubare besighedspraktyk. Die Departement van Landbou het ’n ondersoek uitgevoer en Protea Chemicals het ten volle met die departement saamgewerk.

Mynbou

As ’n markleier in vermengde-massaplofstofformulerings vir bogrondse mynbou, vervaardig die Mynbou-afdeling ook verpakte plofstowwe vir ondergrondse mynbou en gespesialiseerde bogrondse skietwerk. Die afdeling bemerk ook bybehore vir skietwerk en ’n volledige reeks mynbouchemikalieë.

Die afdeling het sy toename in volumes voortgesit, spesifiek met betrekting tot mynbouchemikalieë, beide plaaslik en internasionaal. Alhoewel inkomste gestyg het met 28% tot R1,3 miljard (2007: 1 miljard), het bedryfswins gedaal met 9% tot R125 miljoen (2007: 138 miljoen) wat die gevolg was van die ongekende koers waarteen die koste van grondstowwe gestyg het. Dit het gelei tot ’n verdere daling in die bedryfsmarge na 9,8% (2007: 13,8%), aangesien gekontrakteerde verkooppriyse nie genoegsaakte verhogings toegelaat het nie. Die oorspronklike prysaanpassingsklausules van die meerderheid van Mynbou Chemikalieë-kontrakte is reeds heronderhandel om vir die tydige reaksie op vinnige veranderinge in chemikalieë-aankooppryse voorsiening te maak.

Plofstofvoorsieningskontrakte is vroeg in die jaar onder oorsig heronderhandel nadat teleurstellende marges behaal is gedurende die 2007 finansiële jaar. Desnieteenstaande het die vinnige en skerp stygings in grondstofpryse ’n verdere reeks onderhandelinge genoodsaak, waarvolgens pryse nou maandeliks eerder as kwartaaliks aangepas word. Hierdie heronderhandelde prysstygings is eers gedurende die laaste kwartaal van die jaar voltooi en dit behoort die afname in marges van die plofstofkomponent van die besigheid om te keer.

Die Mynbou-afdeling het 21% (2007: 33%) tot die Groep se bedryfswins bygedra.

Die afdeling se onafhanklike skokbuismonteringsaanleg sal binnekort in bedryf gestel word.

Landbou

Die Landbou-afdeling vervaardig en verskaf korrel-, vloeibare- en spesialisiteitskunsmis aan individuele boere, koöperasies en groothandelaars regdeur Suid-Afrika en, toenemend, aan Sub-Sahara Afrika asook Madagaskar, Australië en Nieu-Zeeland.

Mielie produksie is bevorder deur die gunstige bedryfsgomgewing van die Landbou-afdeling, met die mielieprys wat vir die grootste gedeelte van die jaar onder oorsig op vlakke bo R1 800 per ton verhandel het. Bykomend het die wêreldwye tekort aan kunsmis-grondstowwe die prys van kunsmis tot rekordhoogtes laat styg. Inkomste het gevolglik met 43% toegeneem tot R2,7 miljard (2007: R1,9 miljard). Bedryfswins het toegeneem met 98% tot R311 miljoen (2007: R157 miljoen), terwyl die bedryfmarge verbeter het tot 11,4% (2007: 8,2%).

Vooruitsigte

Alhoewel daar verwag word dat die afkoeling in die Suid-Afrikaanse ekonomie sal voortduur, behoort die verswakking van die rand vervaardigingsondernemings in staat te stel om internasionaal meer mededingend te raak. Protea Chemicals, as ’n belangrike verskaffer vir die vervaardigingsbedryf, sal voortgaan om nuwe toepassings te vind om sodoende volumes te groei. Met die in-bedryfstelling van die Sasol Turbo-projek word verwag dat toenemende polimeervolumes vir die Groep beskikbaar sal wees. Die afdeling is dus goed geplaas om verdere groeigeleenthede aan te gryp en om groter waarde toe te voeg.

Die plofstof- en mynbouchemikalieë-afdelings het goed gebaat by die voortdurende sterk groei in die wêreldwye vraag na metale en minerale en nieteenstaande die verminderde marges van die afgelope jaar, verwag die Groep